

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrain (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Wat is vir jou kosbaar?

Skriflesing: Matteus 13:44-52

"Earthly goods are given to be used, not to be collected. In the wilderness God gave Israel the manna every day, and they had no need to worry about food and drink. Indeed, if they kept any of the manna over until the next day, it went bad. In the same way, the disciple must receive his portion from God every day. If he stores it up as a permanent possession, he spoils not only the gift, but himself as well, for he sets his heart on accumulated wealth, and makes it a barrier between himself and God. Where our treasure is, there is our trust, our security, our consolation and our God. Hoarding is idolatry."

— Dietrich Bonhoeffer, *The Cost of Discipleship*

Broodjies vir die pad

"Ordinary riches can be stolen, real riches cannot. In your soul are infinitely precious things that cannot be taken from you."

— Oscar Wilde

"I have just three things to teach: simplicity, patience, compassion. These three are your greatest treasures."

— Lao Tzu

"Knowledge is a treasure, but practice is the key to it."

— Lao Tzu

"In the end,

The treasure of life is missed by those who hold on
and gained by those who let go."

— Lao Tzu

Lao Tzu (Chinese: 老子; pinyin: Lǎozǐ; Wade-Giles: Laosi; also Laozi, Lao Tse, Lao Tu, Lao-Tsu, Laotze, Laosi, Lao Zi, Laocius, Lao Ce, and other variations) was a mystic philosopher of ancient China, best known as the author of the Tao Te Ching (often simply referred to as Laozi). His association with the Tao Te Ching has led him to be traditionally considered the founder of Taoism (pronounced as "Daoism"). He is also revered as a deity in most religious forms of the Taoist religion, which often refers to Laozi as Taishang Laojun, or "One of the Three Pure Ones". Laozi translated literally from Chinese means "old master" or "old one", and is generally considered honorific.

According to Chinese tradition, Laozi lived in the 6th century BCE. Historians variously contend that Laozi is a synthesis of multiple historical figures, that he is a mythical figure, or that he actually lived in the 5th-4th century BCE, concurrent with the Hundred Schools of Thought and Warring States Period. As a result of being a central figure in Chinese culture, both nobility and common people claim Lao Tzu in their lineage.

https://www.goodreads.com/author/show/2622245.Lao_Tzu



"A man is born into this world with only a tiny spark of goodness in him. The spark is God, it is the soul; the rest is ugliness and evil, a shell. The spark must be guarded like a treasure, it must be nurtured, it must be fanned into flame. It must learn to seek out other sparks, it must dominate the shell. Anything can be a shell, Reuven. Anything. Indifference, laziness, brutality, and genius. Yes, even a great mind can be a shell and choke the spark."

— Chaim Potok, *The Chosen*



Ongesonde godsdiens en gesonde geloof

André van Niekerk

Dit is jammer dat daar uit Johann van der Westhuizen se knuppel-in-die-duiwehok-artikel, "Geloof en waansin dieselfde?" (01.07), nie meer debat ontwikkel het nie. 'n Omvattende beskouing van sowel godsdiens se verblindende krag as gesonde geloof se verheldering is immers van groot belang in ons samelewing, wat sukkel met probleme soos korrumptie, stereotipering, ongelykhede en geweld.

'n Eerste vereiste vir so 'n beskouing is dat gelowiges, veral die gevoelsmense, die gevare van godsdiens moet erken. Hulle moet kan insien dat Van der Westhuizen se beskrywing van godsdiens as "waansin" korrek is in 'n tyd waarin sommige pastore lidmate gras laat eet en petrol laat drink.

Ten minste behoort daar 'n sensitiwiteit te wees vir die ongeloofwaardighede van godsdiens: Byvoorbeeld dat aan God se voorsiening geglo word, maar sommige huis die weiering van mediese middele en prosedures as vertroue in God beskou; dat God as die groot vrymaker bely word, maar talle godsdienstiges se lewe meer in onsekerheid, vooroordele en wette verstrelgeling

is as ander; dat Jesus se genadeboodskap oor God evangelie ("goeie nuus") genoem word, maar mense met 'n ewige brandende hel gedreig word as hulle nie die regte godsdiens het nie.

'n Tweede vereiste vir 'n omvattender beskouing is om nie net godsdiens se krag tot waansin raak te sien nie, maar ook gesonde geloof te erken.

Soos wat daar talle vorme van godsdienswaansin is, is daar ook 'n verskeidenheid van geloofsvorme, aansluitend by verskillende geloofstradisies en persoonlikheidsvoorseure, wat lewensbetekenis bied. Die gemeenskaplike faktor in die Christelike geloof is die verbintenis aan Jesus, wat ons as die Christus bely.

Om geloof gesond te hou, maan die Protestantse tradisie ons tot Bybelgetrouheid. Maar die Bybel is 'n versameling van geïnspireerde getuienisste wat oor eeuue heen ontwikkel het en selfs op punte van mekaar verskil. Daarom help dit ons meer om aan Christus, die hart en hoogtepunt van die Bybel, kritis verbonde te wees. Jesus se boodskap oor God is in voorwetenskaplike taal verpak en selfs deur eeuue lange dogma verdring, maar dis helder genoeg om ons te nooi dat ons mense sal insluit eerder as laer trek en uitsluit, sal vergewe eerder as veroordeel, sal dien en sorg eerder as om te heers, vrede te hê eerder as baie te besit en ons aan die misterie te verwonder eerder as om te wil verstaan en te weet.

Twee weke gelede het ek 'n heupvervanging gehad. Ek kon eerstehands beleef hoe geloof in so 'n situasie my help. God is die misterie in die werklikheid. Die werklikheid is meer goed as wat dit kwaad is. Daarom hoef ek nie die werklikheid te probeer beveg met vrae soos: "Waarom ek?", of: "Sê nou maar iets loop verkeerd?", nie. Die voorreg om in 'n tyd van gevorderde mediese procedures te kan lewe, die gevoel van absolute afhanklikheid, die kalmte wat die medisyne en narkose bring, die vertroue in die knap dokters, die versorging van die verpleegpersoneel en die glimlaggesigte van gemeentevriende, kinders en liewe vrou is alles geskenke van God.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/ongesonde-godsdiens-en-gesonde-geloof-20170718>



"There is nothing that can replace the absence of someone dear to us, and one should not even attempt to do so. One must simply hold out and endure it. At first that sounds very hard, but at the same time it is also a great comfort. For to the extent the emptiness truly remains unfilled one remains connected to the other person through it. It is wrong to say that God fills the emptiness. God in no way fills it but much more leaves it precisely unfilled and thus helps us preserve -- even in pain -- the authentic relationship. Further more, the more beautiful and full the remembrances, the more difficult the separation. But gratitude transforms the torment of memory into silent joy. One bears what was lovely in the past not as a thorn but as a precious gift deep within, a hidden treasure of which one can always be certain."

— Dietrich Bonhoeffer

Brood vir die pad

Is dit wel die moeite werd om bewaar te word?

DJS

Daar is telkens oomblikke dat ons met dié vraag gekonfronteer word – en dis nooit maklik nie. Dit kan 'n mens ver laat wonder, selfs besluite laat neem wat jou hele lewe kan verander.

Die filosoof Roger Scruton onthou byvoorbeeld presies dié oomblik in Gentle Regrets: Thoughts from a Life. In 1968 is hy woonagtig in die Paryse studentewyk. Voor sy oë sou hy sien hoe opstandige medestudente, ook kollegas en vriende, alles wat voorkom verwoes, verniel, plunder – motors, geboue, selfs stene uit die plaveisel breek uit diepgesetelde woede.

Hy was hoogs ontsteld, selfs gewalg, onthou hy. In dié oomblik het hy besef dat hy nie só wil lewe nie. Nie wil aftakel nie, maar opbou. Nie verwoes nie, maar behou en bewaar.

In dié oomblik is die leidende konserwatiewe denker in Brittanje gebore, sowel beswadder as bewonder vir sy eiewillige denke en sy toewyding aan konserwatiewe waardes, aan behou en bewaar – kuns, letterkunde, musiek, wyn, diere, argitektuur, religieuse tradisies, morele waardes.

Maar dié keuse kom nie altyd só radikaal en dramaties nie. Is iets – wat ook al – regtig die moeite werd om te bewaar, of nie? Elkeen wat al moes verhuis, ken immers sulke vrae? Almal wat elders sou gaan werk en woon of aftree ken tog dié gevoel? Saamneem of agterlaat?

Op klein skaal, soms skynbaar onbeduidend, in duisende gestalte, elke keer weer dié vraag. Eenvoudige keuses – foto's, aandenkings, herinneringe, dalk skilderye of meubelstukke, dalk iets ouds en geliefd – slaan skielik om in vrae oor ons identiteit, wie ons is en waarvandaan, en of ons nog dieselfde sal wees sonder dié skakels met ons verlede, vriende, met hoe dinge vroeër was?

Dít lei maklik tot nóg moeiliker vrae, soos wat bewaar nou eintlik beteken? Hoe bewaar ons regtig iets, en wanneer? Voorwerpe, ja, maar ook waardes, kultuur, taal, tradisies? Bloot deur iets te "behou" – in laaie gebêre, veilig gestoor, sonder dat enigeen ooit weer daarna kyk of vra? Is blote behou dan reeds bewaar of vra bewaar iets méér?

Verwys bewaar nie eintlik slegs na die blywende invloed op ons, na die werklike verskil wat iets aan ons maak nie? Is bewaring nie die effek, die merk, die spoor op ons gelaat nie? Was Maria nie dalk vir ons tot voorbeeld toe sy alles in haar hár bewaar het nie (Lukas 2:19)?

Moet ons nie maar sê dat alles wat nie in ons hart bewaar kan word nie ook nie op ander maniere – uitwendig – behou hoof te word bloot ter wille van hoe dit vroeër was nie?

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/is-dit-wel-die-moeite-werd-om-bewaar-te-word-20170721>



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
*Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.*



"Next to the Word of God, the noble art of music is the greatest treasure in the world."

— Martin Luther